Tema: "Be the change where you are" Die dogters van Selofgad!
Teks: Numeri 27:1-11

Inleiding:
Ons begin met 'n nuwe reeks wat ons noem: Misgekyk. Dit is logies om te dink dat jy alles raak sien wanneer jou oë oop is. Maar die realiteit is dat aandag 'n groot rol speel in visuele waarneming. Een van die primêre redes hoekom ons soms dinge om ons nie raaksien nie, of heeltemal miskyk, is 'n verskynsel bekend as: Onoplettende blindheid (*inattentional blindness* (IB)) of ook genoem selektiewe aandag (*selective attention*).

Vandag kyk ons na 'n vreemde teks wat ek nog my hele lewe lank misgekyk het.

Skriflesing: Numeri 27:1-11 - Die dogters van Selofgad

Die naam van ons boek Numeri kom van die Griekse woord "Arithmoi" wat getalle beteken. In Hebreeus is die boek se naam "bemidbar" wat beteken: "in die woestyn". Dit is die vierde boek van die Hebreeuse Bybel. Die naam verwys spesifiek na die twee sensus opnames wat in die boek genoem word.

Numeri begin by die berg Sinai, waar die Israeliete hulle wette en verbond van God ontvang het en God onder hulle in die heiligdom gaan woon het. Hul taak is om die Beloofde Land in besit te neem. Die mense word getel en voorbereidings word getref om hul optog te hervat. Die Israeliete begin die reis, maar hulle "mor" oor die ontberinge langs die pad, en oor die gesag van Moses en Aäron. Hulle kom by die grense van Kanaän aan en stuur spioene die land in. By die aanhoor van die spioene se vreesaanjaende verslag oor die toestande in Kanaän, weier die Israeliete om dit in besit te neem. God veroordeel hulle tot die dood in die woestyn totdat 'n nuwe geslag kan opgroei en die taak kan uitvoer.

Ons vind nou hierdie nuwe geslag Israeliete in die "vlaktes van Moab" wat gereed is vir die oorsteek van die Jordaanrivier. In Numeri 26 lees ons van die tweede sensus opname en dan lees ons vandag in Numeri 27 die verhaal van die vyf dogters van Selofgad – Magla, Noa, Gogla, Milka en Tirsa.

Selofgad was ‘n man met ‘n indrukwekkende stamboom en dit word direk teruggevoer na die groot aartsvader Abraham.

Selofgad het vyf dogters, en nie ‘n enkele seun nie, en hulle het geen aanspraak op net ‘n vierkante el van die Beloofde Land nie. Vir dié vyf vroue glip al God se beloftes aan Israel meteens deur hulle vingers, net oor hulle vroue is.

Die wet bepaal dit. Dis die tradisie, en daarby berus jy, jy verander dit nie. Die grond wat vir Selofgad bestem was, sou nou onder die ander manne van die Manassestam verdeel te word, en Selofgad self sou in vergetelheid vergaan. Maar die dogters gaan dit nie gelate aanvaar nie. God se wet en Israel se tradisies is goed, en reg moet geskied. Maar hier steek nou ook onreg in. Die susters gaan nie gedwee buig voor ‘n wet en tradisie wat hulle eie, en hulle pa se nalatenskap ook, minag en vertrap nie. Die tradisie is verkeerd en moet verander.

Die vyf meisies gaan klop by Moses aan. Die dag toe die beloofde land onder die stamme uitgedeel word, staan hierdie vyf vroue tussen ‘n skare mans voor die Tent van Ontmoeting, en hulle dring daarop aan om gehoor te word, op gelyke voet met die magtigstes onder al die mans van Israel: Moses, Eleasar, en al wat ‘n stamleier is. Dat hulle net al tot daar kon vorder, was buitengewoon, laat staan nog die saak waaroor hulle dit het!

Ons pa is in die woestyn dood, sê die meisies. Nee, ‘n engeltjie was hy nie, maar nie een van ons (of julle) is nie. Sê hulle: “hy het deur sy eie sondes gesterf. En (boonop) het hy geen seuns gehad nie,” so byna asof dit deel van sy sonde was. Maar, sê die dogters, hy was darem ook nie so ‘n slegte ou nie. Hy was nie betrokke by opstande en sameswerings teen God nie. Hy was ‘n eerbare Israeliet. Wat ons met die vraag laat, is dit billik dat sy naam hier in die woestynsand doodloop net omdat hy nie seuns kon verwek nie? Is dit regtig wat die reg vereis?

En toe los hulle die bom – “Gee vir ons grond tussen dié van sy familie!”

Maar dit kan tog nie! Vroue kan nie grond besit nie! Dis dan wat die wet sê! Wat gaan word van ons tradisie? Wat is fout met hoe ons vadere nog altyd gemaak het? Waar gaan dit eindig as vroue nou skielik ook moet erf, van alle dinge grond erf? Gaan elke San Rap nou met grondeise kom? Hierdie ding laat ons ganse samelewing uitrafel.

Moses kon hom sommer net op die wet beroep het. Vroue erf nie grond nie. Vroue besit ook geen grond nie. Die letter van die wet is tog duidelik, en Moses het al die juridiese en politieke mag tot sy beskikking gehad om dit te doen; sy woord ís

wet. ‘n Doodgewone “nee!” van Moses sou die saak beklink het.

Maar Moses gaan raadpleeg eers die Here. Here wat nou?, wil Moses weet hande in die hare. Vyf VROUE, Here, staan hier buite en dring aan op GROND van hulle eie! Here, dis tog ongehoord, maar hulle beroep hulle op hulle pa se reg.

Die Here se antwoord betrap vir Moses heel onkant. Hy sê: Maar Moses, (vers 7) “Selofgad se dogters het gelyk. Jy moet beslis vir hulle hulle eie grond tussen dié van hulle pa se familie gee. Gee vir hulle die grond wat hulle pa sou gekry het. Sê vir die Israeliete: As iemand sterf en hy het nie ‘n seun nie, moet julle sy grond aan sy dogter gee (vers 8).” Van nou af geld hierdie reël vir almal.

Al besef ons dit self nie eers nie, is daar dinge in ons tradisies en kultuur wat ook soms skade berokken. Dat vroue steeds slagoffers is van mans se grootheidswaan, misbruik, en geweld, is van alle volke die waarheid.

Daar is net te veel onreg waaroor ons stilbly terwyl vroue daaronder ly, of natuurlik enige iemand anders. Ons ignoreer soms onreg want ons is nie self daaraan skuldig nie. Soms lei ons aan selektiewe blindheid waar ons ons bes probeer om mense wat onregverdig behandel eerder mis te kyk. Ons bevraagteken nie sommer wat vir die groep “normaal” voel nie, want daarvan hang jou plek in die groep af.

Ons kan geweldig baie leer by hierdie vyf dogters van Selofgad. Hulle sien onreg raak en dan lees ons dat hulle na vore getree het en voor die leiers gaan staan het. Hulle tree met geloof op. Onthou dat die volk nog nie die beloofde land ontvang het nie, maar hulle glo dat God vir hulle die land sal gee. Ons het ’n baie mooi Afrikaanse woord – geloofsmoed. Hulle tree met geloof en moed op en gaan vra vir Moses: Wat sê God hiervan?

FAITH
F – Forsake
A – All,
I – I
T – Trust
H - Him

Die antwoord is ongelooflik: God behandel vroue soos God mans behandel. Vroue is mans se gelykes, sê God. God sê dit in Genesis al. God tref geen onderskeid nie. Daar is in die vryspraak deur Jesus Christus, geen onderskeid meer tussen ons op grond van geslag nie. Mans en vroue (en ook almal tussenin) is voor God ewe veel mens, eie en geliefde kinders.

In Numeri lees ons van vyf dogters wat genade ontvang van God om, teen alle wette en reëlings in, grond te erf in die Beloofde land.

Regdeur die Bybel lees ons dat ons, as gevolg van ons sonde, nie ons

erfporsie kan koop of verdien nie. Uitgelewer met geen hoop of ’n toekoms nie. Dan vind die wonderwerk plaas as Jesus Christus “na vore tree” en voor almal aan ’n kruishout gaan sterf. Teen alle verwagting in sterf Hy, maar staan op uit die dood en kom open vir ons die weg na die “beloofde land".

Galasiërs 3:26-29
26. Want deur die geloof is julle almal kinders van God in Christus Jesus, 27. want julle wat in Christus gedoop is, het Christus soos 'n kleed aangetrek. 28. Daar is nou nie meer Jood of Griek, nie meer slaaf of vryman, nie meer manlik en vroulik nie; want julle almal is één in Christus Jesus! 29. En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en, ooreenkomstig die belofte, erfgename.

Oor en oor herinner die Woord ons dat ons die voorreg het om mede-erfgename te wees saam met Christus.

Romeine 8:17
Maar as ons kinders is, is ons ook erfgename – erfgename van God en mede-erfgename met Christus mits ons inderdaad saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word.

Mag die Heilige Gees vir ons die geloofsmoed gee om op te staan as ons onreg sien. Dit maak nie saak wat jou naam is nie – God luister na almal.

1 Petrus 1:3-5
3. Lofwaardig is die God en Vader van ons Here Jesus Christus! Dit is Hy wat ons in sy groot ontferming, deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood, opnuut verwek het, sodat ons 'n lewende hoop mag hê 4. op 'n erfenis wat nooit vergaan, besmet word of verwelk nie, en wat in die hemel vir julle in bewaring gehou word – 5. ja, vir julle wat, deur julle geloof, deur die krag van God bewaar word vir die verlossing wat gereed is om in die eindtyd geopenbaar te word.